



'n Bestuurgids vir grondeienaars oor

## DIE LUIPERD IN DIE WES-KAAP (*Panthera pardus pardus*)

— TOPPUNT ROOFDIER IN DIE FYNBOSBIOOM

**ROOFDIERE IS 'N INTEGRALE DEEL VAN ENIGE GOED FUNKSIONERENDE EKOSISTEEM.** Honderde jare gelede was die Wes-Kaap die tuiste vir talle groot soogdierspesies, wat roofdiere soos leeus (*Panthera leo*), wildehonde (*Lycan pictus*), jagluiperds (*Acinonyx jubatus*) en hiënas (*Crocuta crocuta*; *Hyaena brunnea*) insluit. Jagluiperds, gevlekte hiëna en wilde honde het in die natuur in die Wes-Kaap uitgesterf. Die luiperd is 'n toppunt roofdier in die Fynbos ekosisteem.

**Hul veelsydigheid, aanpasbaarheid en ontwykende aard het hulle in staat gestel om in die oorblywende natuurlike berg-habitat te oorleef ten spyte van meer as 300 jaar se vervolging en die verlies van habitat.**

### Is die luiperd van die Wes-Kaap 'n ander subspesie?

Alle luiperds op die Afrika-vasteland word tans taksonomies aan 'n enkele subspesie toegeken, *Panthera pardus pardus*. 'n Studie deur Martins (2006) oor die bewaringsgenetika van luiperds in Suid-Afrika het interessante nuwe data oor plaaslike genetiese diversiteit en die bevolkingstruktuur aan die lig gebring. Dié studie dui daarop dat luiperds in die Wes-Kaap geneties van ander bevolkings in die Oos-Kaap, KwaZulu-Natal, Limpopo en Mpumalanga verskil en beveel aan dat die Wes-Kaapse populasie as 'n afsonderlike eenheid bestuur word. Buiten die genetiese verskille, verskil die luiperds in die Wes-Kaap ook morfologies van ander bevolkings. Die luiperds in die Wes-Kaap is klein en gemiddeld die helfte van die gewig van luiperds in die Kruger-wildtuin. (luiperdmannetjie: gemiddeld 35kg; luiperdwyfie: gemiddeld 24kg)

### Is luiperds 'n bedreigde spesie?

Luiperds in Afrika word as *Byna Bedreig* op die Wêreldbewaringsunie (IUCN) se Rooilys van Bedreigde Spesies geklassifiseer. Dit is 'n aanpasbare en wydverspreide spesie, maar die voortbestaan van sekere sub-bevolkings word aan die hand van verlies van habitat, habitat-verbrotting, jag vir handel en vervolging betwyfel.

### Hoeveel luiperds is daar nog in die Wes-Kaap?

Die studie deur Martins (2011) in die Cederberg streek stel voor dat die luiperds in die Wes-Kaap 'n veel groter tuisgebied (tussen 235 km<sup>2</sup> en 600 km<sup>2</sup>) handhaaf as wat vroëer aangeteken was en dus dat die luiperds in die Wes-Kaap teen 'n laer bevolkingsdigtheid voorkom as

wat vroëer vasgestel was. In die natter, Fynbos-streek van die westelike Cederberg-wildernisgebied sowel as in die Bolandse berge, het luiperds ietwat kleiner tuisgebiede en die bevolkingsdigtheid is dus effens hoër. Daar is tans geen definitiewe beraming vir die getal luiperds in die Wes-Kaap nie. Die data van onlangse luiperd studies in drie afsonderlike berggebiede dui aan dat daar tans minder as 500 individue in die Wes-Kaap is.



## DIEET WAT EET DIE LUIPERDS VAN DIE WES-KAAP?

Luiperds is opportunistiese en veelsydige jagters wat prooi op spesies wat wissel van krieke, akkedisse en knaagdier tot hase, ystervarke en selfs hoëdiere so groot soos elande. Oor die algemeen lyk dit of hulle prooi jag in verhouding tot die beskikbaarheid daarvan in 'n gegewe gebied. In die Boland, Cederberge en Gamka, toon dieet studies dat klipspringer (*Oreotragus oreotragus*) en klipdassie (*Procavia capensis*) die vernaamste prooispesies is vir luiperds. Ystervark (*Hystrix africae australis*) en Kaapse grysbok (*Raphecerus melanotis*) vorm 'n belangrike deel van 'n luiperd se dieet in die Boland.

In teenstelling met die algemene opvatting, is bobbejane (*Papio ursinus ursinus*) nie 'n belangrike deel van die dieet van luiperds in die Wes-Kaap nie. Dieet studies in die Wes-Kaap dui aan dat bobbejane minder as 5% van die luiperd-dieet uitmaak. Troggebondenheid, ratsheid en lang slagatande, maak bobbejane 'n gedugte teiken. Dus, ten spyte van gereelde interaksies, word bobbejane relatief selde deur luiperds gejag en bobbejane is geneig om luiperds waar moontlik te vermy.



Klipspringer



Ystervark



Klipdassie



Grysbok



'n Luiperd in die Wes-Kaap



## Hoekom is dit belangrik om die luiperds van die Wes-Kaap te bewaar?

Roofdiere speel 'n belangrike rol in die handhawing van die struktuur en funksionering van ekosisteme. Luiperds is territoriaal en verdedig hul territoriums teen ander luiperds. Die tuisgebiede van luiperdmannetjies is groter as die van wyfies, en die tuisgebiede van mannetjies kan met dié van vele wyfies oorvleuel. Waar selfde-geslag tuisgebiede oorvleuel, word kontak gewoonlik aktief vermy. Luiperds het 'n regulerende invloed op kleiner meso-roofdiere soos rooikat en rooijakkals, en jag soms ander karnivore soos bakoorkalkse (*Otocyon megalotis*), muskeljaatkatte (*Genetta* spp.), aardwolwe (*Proteles cristatus*) en jagluiperds. Hulle verwyder siek en swak diere uit die ekosisteem en verhoed so dat siektes versprei word en ondersteun die voortbestaan van geneties fikse diere. Wanneer die top-roofdiere (luiperds) uit die ekosisteem verwyder word, word die druk op die kleiner roofdiere verminder, en dit kan lei tot versnelde bevolkingstoenames van hierdie kleiner roofdiere. Dit lei daartoe dat prooi bevolkings sowel as kleinvee boerdery beïnvloed word. Vee predasie lei dikwels tot vergeldende vervolging van roofdiere waar beheermaatreëls dikwels onoordeelkundig is en het dus 'n impak op die biodiversiteit van die gebied.

## Skadedoenende diere – 'n paradigmaskuif

Roofdiere bedreig kommersiële en bestaans-veeboerdery, maar bewegings in die rigting van verantwoordelike veebestuur en 'n holistiese benadering tot die beheer van skadedoenende diere is noodsaaklik – "Voorsorg voorkom nasorg". Die doel van 'n holistiese benadering is die implementering van koste-effektiewe meganismes om predasie te verminder en te verhoed, eerder as om roofdiere deur uitwissings-strategieë te teiken. Versagtende maatreëls sluit in die gebruik van nie-dodelike afskrikmiddels soos diere vir vee oppas (Anatoliese herdershonde, alpacas), krale met geëlektrifiseerde en roofdierbestande omheinings, tradisionele herderswerk, en die bewaring van natuurlike prooispesies vir roofdiere.



## 'N PAAR MITES OOR LUIPERDS

- Luiperds leef nie in groepe nie en is alleenlopende, territoriale diere. Twee of meer luiperds word gewoonlik slegs saam waargeneem as dit 'n wyfie met 'n welpie is, of wanneer 'n mannetjie en 'n wyfie paar;
- Luiperds bly nie op een spesifieke plek vir 'n lang tydperk nie en het nie grotte waarna hulle elke nag terugkeer nie. Hulle is aanhoudend aan die beweeg – hulle patrolleer hul territoriums, soek kos en maats om mee te paar;
- Luiperds in die Wes-Kaap sal selde hul prooi in die bome ophig aangesien daar nie veel geskikte bome in hul habitat voorkom nie. Dit is moontlik dat hulle nie hul prooi hoef op te hys nie, aangesien hulle nie meeding met ander groot roofdiere soos leeus of hiënas wat hul prooi sal steel nie;
- Luiperds in die Wes-Kaap word nie as 'n bedreiging vir mense beskou nie. Maar, ten spyte van hul grootte, is hulle steeds uiters kragtige diere en kan aggressief en gevaarlik wees wanneer hulle bedreig of vasgekeer word. Gelukkig is hulle uiters ontwykend en skaam vir mense, en die meeste berigte waarnemings duur slegs 'n paar sekondes. Baie min mense is gelukkig genoeg om 'n luiperd onder oë te kry; en
- Luiperds suig nie hul prooi se bloed uit of deur hul prooi se nek nie. Hulle monde is nie geskik om dit te doen nie.

## BEDREIGINGS

### vir die luiperde van die Wes-Kaap

- **Landbou en stedelike ontwikkeling** het deur middel van habitat-verlies, habitat-verbrokkeling en 'n dalende prooi-basis 'n direkte impak op die luiperd bevolking;
- **Paaie en verkeer** is 'n bedreiging omdat dit die verspreiding van individue versper, tuisgebiede dissekteer en ook lei tot voertuig-vernante sterftes;
- **Onwettige draadstrikke** wat gestel word om klein wilde diere vir kos te vang, hou 'n groot bedreiging vir luiperds in. Dit lei tot 'n afname in luiperdprooi, en luiperds kan gevang of beseer word, en sterf in sulke strikke;
- **Direkte vervolging** deur sommige boere in reaksie op die verlies van lewendige hawe;
- **Onoordeelkundige gebruik van gifstowwe** het 'n impak op die gesondheid van roofdier bevolkings en prooispesies;
- **Vuur** is 'n natuurlike en noodsaaklike deel van die Fynbos ekosisteem. Té gereelde grootskaalse veldbrande het 'n negatiewe impak op die gesondheid van die ekosisteem. Digte indringerplantegroei vererger ook dikwels die probleem. Die belangrikste invloed van brande op luiperds is waarskynlik die verlies van hul prooi asook plantegroei wat skuiling bied wanneer hulle jag; en
- **Onoordeelkundige verskuiwing** van luiperds kan bydra tot "genetiese besoedeling", en kan ook direkte sterftes veroorsaak deurdat verskuifde katte met die plaaslike territoriale diere baklei, en welpies doodmaak.



## Wat kan private grondeienaars doen om te help met die bewaring van luiperds?

- Bewaar natuurlike plantegroei op hul eiendomme;
- Bied opvoeding vir permanente en seisoenale plaaswerkers oor die belangrikheid van biodiversiteit op hul grond;
- Rapporteer en tree pro-aktief op teen die stel van onwettige strikke en jag op hul eiendom;
- Hou brandbane in stand en verwyder uitheemse plantegroei wat brande kan vererger;
- Beoefen 'n verantwoordelike en holistiese veebestuurstelsel;
- Beskerm natuurlike prooi op hul eiendom, monitor die impak op potensiële prooispesies en verseker dat enige afnames volhoubaar is;
- Bewaar deurlope en deurgange met natuurlike veld tussen of rondom ontwikkelde landbou gebiede sodat luiperds en prooispesies daardeur kan beweeg; en
- Bevorder die deurlaatbaarheid van heinings sodat roofdiere en prooispesies vrylik in die wyer landskap kan beweeg.

